

Verklaring van Artikel 37 van die Kerkorde van die NG Kerk

– DR Q E Heine (Hierdie is 'n voorlopige opstel/artikel)

Artikel 37

Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk, waar die kerkverband van die NG Kerk herstel is, was dit deel van die ooreenkoms dat dit enige van die samestellende kerke vry staan om uit die algemene sinodale verband te tree.

1. Skeiding en herstel van kerkverband:

1.1 Skeiding in die NG Kerk Kerkverband

Die skeiding binne die NG Kerk kerkverband was die gevolg van 'n hofuitspraak wat in 1862 (Loedolfsaak) wat gelas het dat daar nie afgevaardigdes buite die Kaapprovinsie by die sinode kon wees nie. Die gemeentes buite die Kaapprovinsie moes die weg van afsonderlike kerkverband opgaan. Na 1862 het daar nog drie afsonderlike sinodes tot stand gekom (Kleynhans:1985: 73). Die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat (1864); Die NG Kerk in Natal (1865) en die NG Kerk in Transvaal (1866). Die hofbeslissing het nie die kerk nie maar die kerkverband geraak. Hoewel daar geen afsonderlike kerke gestig is nie, het die onderskeie sinodes hulle eie weg gegaan. Dit het wel soms aanleiding gegee tot spanning. (Kleynhans, 74:329). Ten spyte hiervan was die verlange van die kerke om bymekaar te hoort altyd lewend. Onderlinge erkenning van lidmate, wedersydse beroeping van predikante en deputasies oor en weer na kerkvergaderings was reeds die gebruik en vir almal belangrik.(Kleynhans: 74:325). Die ideaal om die kerkverband weer te herstel het vanaf 1862 in die harte van die kerk bly voortlewe.

1.2 Herstel van die NG Kerkverband

Die tweede Vryheidsoorlog het die Afrikaanse volk verstrooi en vernederd gelaat. Daar was tog een band wat hul saamgebind het en dit was die Gereformeerde belydenis (Rex LV: Kerkbode 1957). Met die sinode jaar in 1903 spreek al die sinodes hulle wens uit om weer nouer met mekaar in verband te staan. Die eerste kommissie om die kerkverband te herstel kom op Colesberg in 1905 saam. Hier word die besluit tot 'n "federale vereniging" geneem, wat dan ook in 1907 gevorm word. De Raad der Nederduitse Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika het tot stand gekom met die uitsluitlike doel om die eenheidsband te verstewig en die weg voor te berei vir die herstel van die kerkverband. By die ontbinding in 1962 is verklaar dat die Raad sedert sy ontstaan in 1907 by elke vergadering pogings aangewend het om die NG Kerk wat in federale verband gestaan het onder een sinode te verenig (Kleynhans, 74:333). In 1957 kry die Kommissie van aktuari opdrag om 'n konsep Kerkorde voor te berei wat kon dien as basis vir vereniging, waar dit duidelik sou blyk wat die verhouding en magte tussen die verskillende sinodes sou wees. In 1959 word die konsep kerkorde voorgelê en word die kerkorde na die verskillende sinode gestuur vir behandeling en wysiging. Die Algemene Sinode word op 12 Oktober 1962 gestig en die Federale raad word daarmee ontbind.

Vorster beskryf die gebeurtenis van die nuwe kerk vereniging en kerkorde so " Hierdie kerkorde verenig die kerke wat nog altyd organies een is, maar wat deur 'n hofbeslissing verplig was om organiese afsonderlik te leef en te werk" (Vorster ,1960; 12-18).

2 Verklaring van artikel 37

Artikel 37 van die kerkorde het vanaf 1962 tot by 2015 nie verander nie en het steeds dieselfde bewoording. Die artikel is op die oog af baie duidelik gestel. Tog is daar vrae of die toepassing nog steeds dieselfde is ? Dit is veral die begrip " samestellende kerke" wat die interpretasie van die artikel meer kompleks maak.

2.1 Waarom so artikel?

Die bestaan van so 'n artikel bring bepaalde vrae na vore. Waarom was dit noodsaaklik dat daar so 'n artikel ingesluit moes word? Dit is as't ware 'n uittree-klausule wat ingebou is. Indien die eenheid van die kerkverband so belangrik was, waarom is die eenheid nie onomwonde gestel sonder uitkomstans nie?

Indien daar deeglik na die ontstaansgeskiedenis van die herstel van kerkverband gekyk word, is dit duidelik dat die eenheid van die NG Kerk vir al die betrokke sinodes baie ernstig was. Dit is in die eerste paragraaf van die skryf stuk kortliks aangetoon. Die feit dat so min geskiedskrywers of kerkreg skrywers enigsins na die artikel 37 verwys of dit probeer verklaar, wil dit laat blyk dat uittrede uit die verband nie baie hoog op die agenda kon wees nie. Niemand probeer die artikel verklaar of duideliker stel nie. Die eenheid van die kerk was vir die sinodes/lidmate van die NG Kerk vanaf 1862 van uiterste belang. Dit is by elke federale vergadering bespreek. Dit was ook die intensie van die kerke om hierdie nuwe verband van die NG Kerk 'n eenheid te maak. Kleynhans verklaar ook dat daar wel onderlinge verskille was, maar steeds wou hulle een word (Kleynhans, 74:329).

Daar was egter 'n duidelike onderskeid tussen die take en bevoegdhede van die Algemene Sinode en die sinodes. Die onderskeie sinodes wou graag hul selfstandigheid behou oor 'n hele aantal sake. In 1962 bepaal die kerkorde dat die sinodes die gemeenskaplike sake self binne sy gebied hanteer, met uitsondering van die sake wat by die Algemene Sinode tuishoort (Strauss; 2010:72). Moontlik het hulle destyds raakgesien dat die verskillende werkwyses van die sinode verskil het. Artikel 35 het dus baie duidelik omskryf dat die sinodes 'n eie "lewe" en opdrag het. Vanaf 1962 is gepoog om die bevoegdhede van die sinodes en die Algemene Sinode nader te omskryf. In die handeling van 1970 en 1974 is die saak dat die Algemene Sinode nie sy bevoegdhede moet oorskry nie, telkens op die agenda. Deur al die jare saam in die Algemene Sinodale verband is daar 'n behoefte dat sinodes sekere sake op hul eie wou hanteer. Die Algemene Sinode se respektering van die sinodes se bevoegdhede is ook duidelik te sien in die formulering van artikel 37.(Strauss, 2010:72). Hierin word bepaal dat die "samestellende kerke" wat die Algemene Sinodale verband saamstel met behoud van al hulle regte en voorregte uit hierdie verband kan tree as hulle dit voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.

Die relatiewe selfstandigheid van die sinodes word dus gehandhaaf (Strauss, 2010:73).

Dit is dus duidelik uit die geskiedenis dat die eenheid van die kerkverband baie belangrik was van die begin af. Die eenheid van die kerk is deur die geskiedenis kosbaar. Dit is egter ook duidelik dat binne die tydperk van skeiding tussen 1862 en 1962 en die bestaan van 'n federale stelsel waar elke sinode selfstandig was, daartoe aanleiding gegee het dat daar

verskillende gebruike by sinodes ontwikkel het en dat eie bevoegdhede steeds vir die sinodes belangrik is.

2.2 Die betekenis van "samestellende kerke"

Die woord wat die uitleg van artikel 37 bemoelijk is die woord "samestellende kerke". In die volgende gedeelte word dit uitvoerig bespreek:

Die vyf kerke wat in 1962 saamgekom het om die Algemene Sinodale verband te vorm is: Die NG Kerk in Suid Afrika (Kaapland); die NG Kerk van Natal; die NG Kerk in die OVS; die NG Kerk van Transvaal en die NG Kerk in Suid-Wes Afrika. (Handelinge Algemene Sinode 1962)

Dit is duidelik dat hierdie genoemde kerke die samestellende kerke was wat die Algemene Sinode gevorm het. Dit is egter nie duidelik wat met artikel 37 se "samestellende kerke" na 1962 (tot by 2015) bedoel word nie. Sluit dit die sinodes wat sedertdien ontstaan het uit? Die volgende waarnemings word gemaak:

Artikel 37 praat slegs van "samestellende kerke" terwyl 36 van "samestellende kerke of sinodes" praat. Artikels 32 tot 35 noem weer net die woord sinodes, want daar gaan dit oor die bestaan en die take van sinodes. Waar dit oor die regte van sinodes in artikels 36 en 37 handel, word in artikel 36 gepraat van kerke en sinodes, terwyl artikel 37 weer slegs praat van kerke. Dit is waarskynlik dat hierdie bewoording in 1962 doelbewus so omskryf is.

Regter Schabert noem in sy uitspraak in die De Deur saak dat hy nie daarop ingaan om die term "samestellende kerke" duidelik te verklaar nie, want dit was nie die doel van sy uitspraak nie. Hy moes net bepaal of 'n gemeente by die begrip "samestellende kerke" ingesluit is. "Die kerkorde bevat nie 'n omskrywing van die begrip "samestellende kerke" nie en ook nie 'n omskrywing van die begrip "kerk" nie. Dit maak dit moeilik om die begrip "samestellende kerke" te verklaar as die kerk dit nie self doen nie (Schabert, 1993:SA 191). Hy noem ook dat indien die kerkorde nie homself verklaar nie daar na die bedoeling van die artikel gesoek moet word. Vir die doel van die uitspraak kom hy dan wel tot die konklusie dat die samestellende kerke daardie kerke is wat tot die Algemene Sinode toegetree het, naamlik die vyf genoemde kerke.

Indien die woorde "samestellende kerke" dan na kerke verwys, is die vraag na watter kerke die bewoording van artikel 37 in 2015 verwys? Word hier slegs na die oorspronklike vyf kerke verwys? Of sou die sinodes wat agterna gevorm het ook as 'n samestellende kerk kon dien? (Daar is vandag tien verskillende sinodes, terwyl daar tot en met 2003 elf was.)

2.1.1 Agtergrond van die begrip "Samestellende kerke"

Die volgende word aangebied om die vraag te beantwoord:

- Dit sal goed wees om te kyk na die vyf verskillende kerke wat toegetree het tot die Algemene Sinode
- Die NG Kerk in SA (Kaapland) het toegetree as die grootste sinode en het daarom 150 afgevaardigdes gehad terwyl die ander elk 50 gehad het.
- Die Natalse kerk het as kerk toegetree
- Die NG Kerk in die Oranje Vrystaat het as kerk toegetree
- Die NG Kerk in Suidwes-Afrika het as kerk toegetree.
- Die NG Kerk in Transvaal was by die aanvanklike besluite deel van die kerkverband, maar het besluit dat hulle as drie streeksinodes gaan toetree tot die Algemene Sinode.

- Die geskiedenis van die NG Kerk in Transvaal is hier van belang: Voor die vorming van die Algemene Sinode in 1962 het die Transvaalse sinodes aan 'n eenheidskerkverband nl. die Algemene Sinode van die NG Kerk in Transvaal behoort. Die drie streeksinodes was: Suidstreeksinode, Noordstreeksinode en Midde-Afrikastreeksinode. Met die toetreding tot die Algemene Sinode van die NG Kerk in 'n kerkeenheidsverband het die Algemene Sinode van die NG Kerk in Transvaal onder andere die volgende oor die nuwe kerkeenheid besluit:
 - Dit word aan die drie streeksinodes van die Algemene Sinode van Transvaal opgedra om as streeksinodes toe te tree tot die Algemene Sinode.
 - Dat die Algemene Sinode van Transvaal as vergadering ontbind en dat al sy regte, verpligtinge, besittings en fondse aan die streeksinodes gesamentlik oorgedra word.
 - Dat die streeksinodes die reg sal hê om die regte, besittinge en fondse onderling te verdeel
 - Dat die funksies (take) van die Algemene Sinode van Transvaal deur die drie streeksinodes uitgeoefen sal word as wettige opvolgers van die Algemene Sinode van Transvaal.
 - Dat indien die vereniging van kerkverband oor een of ander rede ontbind word, behou die Algemene Sinode van Transvaal die reg om as draer sy regte en verpligtinge opnuut onder die Algemene Sinode van Transvaal te laat saamkom.

Bogenoemde besluite sal dan ook bekend staan as die: **"opdrag tot kerkvereniging"** (Handelinge; Algemene Sinode van die NG Kerk in Transvaal 0,1961).

Verder het die Algemene Sinode van die NG Kerk in Transvaal besluit om die volgende werksaamhede wat tot op daardie stadium deur hom behartig is nie prys te gee met die toetreding tot die Algemene Sinode nie. Dit sal deur die streeksinodes onderling hanteer word. Die werksaamhede ter sprake is die opleiding en legitimasie van predikante, die kerkkantoor van die Suidelike en Noordstreek, die kerkargief, die werk met Radio en die NG Kerk boekhandel. Daar was ook nog ander praktiese sake wat deur die streeksinodes onderling hanteer moes word.

Die Algemene Sinode van Transvaal sou dan na die vereniging van die Algemene Sinode van die NG Kerk as die Nederduitse Kerk in Afrika bekend staan, wat die drie genoemde streeksinodes insluit.

Die afleiding word gemaak dat die drie streeksinodes na ontbinding van die Algemene Sinode in die Nederduitse Kerk van Afrika sou kon voortbestaan.

- Die drie streeksinodes wat die NG Kerk in die Transvaal gevorm het, het later vyf geword. Die Sinode van Midde-Afrika het in 2003 ontbind en het as ring van die Noordelike Sinode bly voortbestaan. Oostelike Sinode het eers in 1979 van die Sinode van Noord-Transvaal afgestig.
- Die NG Kerk in SA (Kaapland) het bly voortbestaan en in 1965 het die Sinode van Oos-Kaap en Noord-Kaap sonder regte van die NG Kerk in SA afgestig. Die NG Kerk in SA (Wes-Kaapland) het oorgebly en is steeds selfstandige kerk op sy eie.

2.1.2 Die bedoeling van die woord : **"Samestellende kerke"**

Die vraag wat Regter Schabert gevra het, is steeds relevant. Wat was die bedoeling van artikel 37?

2.1.2.1 Een onwaarskynlike moontlikheid is dat daar **doelbewus net kerke** geskryf is omdat daar slegs voorsiening gemaak vir uittrede vir 'n bepaalde tyd, toe daar net vyf kerke was. Uittrede sou dus net vir 'n bepaalde tyd moontlik wees. Hierna sou uittrede baie moeilik, indien nie onmoontlik wees. Dit is die gebruik by sommige verenigings ooreenkomstig dat

slegs voorsiening gemaak word vir uittrede vir 'n bepaalde tyd, daarna kan nie meer uitgetree word nie. Dit is egter onwaarskynlik dat die kerke wat tog 'n selfstandigheid van elke sinode voorgestaan het en selfs onderlinge verskille gehad het, so besluit so neem.

2.1.2.2 Daar is ook 'n ander moontlikheid: **Indien die "samestellende kerke" van artikel 37 slegs van toepassing op die oorspronklike vyf NG Kerke** is- kan slegs die oorspronklike vyf kerke wettig uittree. Sinodes wat later toegetree het sal dan nie as sinode kan uittree nie. Hulle sal eers weer moet saamkom as die oorspronklike drie kerke wat die Alg Sinode van Transvaal gevorm het en die Oos Kaap en Noord Kaap sou eers weer met die NG Kerk in SA moet verenig voordat hulle kan uittree. So 'n interpretasie sou ook beteken dat die sinodes van Noord-Kaap, Oos Kaap, Wes-Transvaal en Oostelike sinode glad nie op hul eie uit die Algemene Sinodale verband kan tree nie en Noordelike sinode en Hoëveld sinode sal slegs kan uittree as hulle terugtree na die Algemene Sinode van Transvaal en dan as kerk kan uittree. Die vraag bly dan of Oostelike Sinode eers weer saam met Noordelike Sinode die Noordelike streeksinode moet vorm en dan eers weer moet terugtree in die NG Kerk in Afrika, voordat hulle 'n nuwe verband kan vorm of kan uittree uit die Algemene Sinode. Die besluit van die Algemene Sinode van Transvaal in 1961 maak slegs voorsiening vir die "ontbinding" van die Algemene Sinode van die NG Kerk en nie vir "uittrede" nie. Dit is dus nie vanselfsprekend dat 'n sinode wat uittree uit die Algemene Sinode van die NG Kerk weer hoef terug te tree na die Alg Sinode van Transvaal (of Afrika nie). Die permutasie raak baie ingewikkeld.

Indien die artikel net die vyf samestellende kerke bedoel, is dit inderdaad 'n vraag of artikel 37 enigsins in 2015 van toepassing is en uitgevoer kan word. Dan sou die enigste uitweg wees dat die volgende Algemene Sinode artikel 37 toepaslik verander of die hele artikel, vanweë die onuitvoerbaarheid daarvan, skrap.

2.1.2.3 **Die meer waarskynlike interpretasie is dat dit die bedoeling was om kerke se selfstandige bevoegdheid te erken.** Kerke wat dus in 1962 saamgekom het, is ruimte gebied om die opsie te hê om wel weer op hul eie te gaan. Hulle selfstandigheid is dus gerespekteer met artikel 37. **Dit sou dan vir alle sinodes geld wat op enige gegewe stadium tot die NG Kerkverband toegetree het.**

Alhoewel die uitdruklike woorde in artikel 37 slegs dui op die kerke waaruit die Algemene Sinode aanvanklik saamgestel is, sou dit die bedoeling kon wees dat dit geld vir enige kerk/sinode wat later tot die Algemene Sinode toegetree het en dus vandag deel is van die Algemene Sinode. Aanvanklik sou daar slegs 5 kerke toetree. Daar was in die oorspronklike formulering nie die wete dat daar streeksinodes (wat nie kerke is) sou toetree nie. Die bedoeling mag waar wees van 1962, maar in 2015 bestaan die Algemene Sinode uit selfstandige sinodes en kerke. Die kerk het die artikel deur die jare gehandhaaf omdat dit moontlik vir almal vanselfsprekend was dat dit alle sinodes wat tot die verband toegetree het insluit.

Daar moet ook daarmee rekening gehou word dat die Algemene Sinode in 2015 al tien die sinodes/kerke as gelykes hanteer. Elke sinode is 'n regs persoon en funksioneer selfstandig. Elke sinode het bevoegdheid om in 'n bepaalde streek in die land namens die NG Kerk op te tree. Elke sinode kan eiendom besit, en homself as regs persoon handhaaf. (artikel 36).

Dit wil voorkom asof Strauss hierdie interpretasie onderskryf as hy in sy verklaring van die kerkorde artikel 37, daarop wys dat dit kerke of sinodes kan wees wat uit die Algemene Sinodale kan uittree (Strauss,2010:73).

Bogenoemde dui daarop dat sinodes en kerke op grond van artikel 37 wel sonder enige benadeling uit die kerkverband van die Algemene Sinode kan tree.

2.1.2.4 Sluit dit ook individuele gemeentes in?

In die hofuitspraak tussen Du Preez en andere vs. Die Kerkraad van die NG Kerk De Deur, het Regter Schabert duidelik bepaal dat 'n gemeente nie uit die Algemene Sinodale verband kan tree nie. Die kerkraad van De Deur het hom op artikel 37 beroep om uit die kerkverband van die NG Kerk te tree, en steeds die naam van die NG Kerk De Deur te behou. Die uitspraak het dit duidelik gestel dat die kerke wat kan uittree, slegs die is wat saamgekom het om die Algemene Sinode te vorm. Hulle vorm saam die kerkverband van die Algemene Sinode. (Schabert, SA 191: 1993). Uit die hofuitspraak is dit duidelik dat 'n gemeente nie uit die Algemene Sinodale verband kan tree nie.

2.2 Voor God in die lig van sy Woord

Artikel 37 stel ook 'n verdere vereiste vir uittrede uit die algemene sinodale verband, naamlik "wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig". 'n Sinode wat dit oorweeg om uit die verband te tree, sal groot erns moet maak met hierdie eis. Daar sal seker gemaak moet word dat dit die kern van die evangelie op so manier aantast dat so sinode nie langer in die NG Kerk verband kan bly nie. Die sinode wat besluit om uit te tree sal natuurlik deeglik moet kan bewys dat so stap voor God en in die lig van die Woord verdedig kan word. In die De Deur saak het die applikante juis daarop gewys dat die kerkraad van De Deur nie werklik grond het om weg te breek op grond van die bogenoemde redes nie. Hulle kon nie onteenseglik bewys dat die NG Kerk se Algemene Sinode op grond van die Woord en voor God dwaal nie. Die regter wou hom nie daarop uitspreek nie, want hy het reeds sy antwoord gevind in die "samestelling van kerke" (Schabert, 1993:SA 191).

2.4 Met behoud van alle regte, voorregte en besittings, naam ensovoorts.

Die artikel bepaal dat 'n kerk kan uittree met behoud van alle regte, voorregte en besittings, naam ensovoorts. In die konteks van die res van die kerkorde sal dit waarskynlik beteken dat die sinodes of kerke wat uit die Algemene sinodale verband tree hul volle lidmaatskapregte en voorregte sal behou in die NG Kerkverband. Lidmate se lidmaatbewyse kan steeds na die res van die kerkverband oorgeplaas word. Predikante kan steeds na die res van die ander kerke/sinodes beroep word. Die waarskynlikheid sal wees dat daar steeds 'n ander tipe kerkverband sal bly voortbestaan – al is dit een van federale raad.

Volgens Kleynhans se waarneming is daar na 1862 nooit "ander kerke gestig nie", maar die onderskeie sinodes het wel "hulle eie weg gegaan" (Kleynhans, 74:329). Die kerkverband was dus altyd daar (eers later deur die Federale raad en daarna Algemene Sinode). Die verklaring van die begrip "kerke se regte en voorregte" word gevind in die regte en voorregte wat hulle voor die vorming van die Algemene Sinodale verband gehad het. Kleynhans het dit so beskryf: Onderlinge erkenning van lidmate, wedersydse beroeping van predikante en deputasies oor en weer na kerkvergaderings was reeds die gebruik en vir almal belangrik" (Kleynhans: 74:325).

3 Gevolgtrekking:

Is dit kragtens artikel 37 moontlik vir 'n sinode om uit die Algemene Sinodale verband te tree?

In die lig van bogenoemde verduideliking is dit wel moontlik. Sinodes wat hierdie pad wil stap sal die volgende in berekening moet bring:

3.1 Dit wil tog voorkom dat dit die bedoeling is dat selfs sinodes wat na 1962 tot die Algemene Sinode toegetree het wel kragtens artikel 37 uit die algemene sinodale verband kan tree. Geen sinode het nog ooit die bedoeling van die artikel getoets nie. Die interpretasie van die bewoording (soos artikel 37 tans daarna uitsien) sal moontlik eers bevestig kan word indien 'n sinode uit die verband tree en as so 'n uittrede moontlik in die hof getoets word.

3.2 In die lig van hierdie interpretasie van die artikel 37 moet dit by die volgende sinode gewysig word om die woorde "en sinodes" na samestellende kerke in te voeg. Dit sal die artikel in lyn met artikel 36 bring en dit baie duideliker en uitvoerbaar maak volgens die bedoeling van die artikel.

3.3 Die eenheid van die NG Kerk is van vroegste tye as baie belangrik gereken, daarom is dit nie wenslik om tot so stap oor te gaan, voordat alle ander kerklike remedies nie uitgeoefen is nie. Daar is remedies soos appèl, beswaar, gravamen, onderhandeling

en besprekings wat eers gevolg moet word. Artikel 21 van die kerkorde bepaal dat kerkvergaderinge sake vanuit 'n kerklike perspektief in die lig van die Woord van God en op 'n kerklike wyse sake moet hanteer.

So 'n stap van uittrede sal slegs oorweeg kan word indien die kern van die evangelie en gereformeerde belydenis in gedrang kom. 'n Sinode sal hom voor God en in die lig van die Woord deeglik moet verantwoord voordat daar tot so 'n stap oorgegaan word.

3.4 Voordat sinodes uit die kerkverband tree oor interpretasies en gebruike wat van sinode tot sinode toe mag verskil, moet daar eerder oorweging geskenk word om pogings aan te wend om die hele NG Kerk te herskik of herstruktureer sodat die struktuur groter diversiteit kan toelaat en sinodes oor groter bevoegdheid sal kan beskik om self standpunte te formuleer sonder om die gereformeerde belydenis en die Woord prys te gee. Die Algemene Sinode van 2015 het reeds so 'n weg aangedui met die byvoeging van die nuwe artikel 35.7.

Selektiewe Bibliografie (nie volledig nie)

Handelinge van die Algemene Sinode van die NG Kerk, 1962;1970;1974 en 2003

Handelinge van die Alg Sinode van die NG Kerk in Transvaal, 1961

Hofsaak SA 191, 1993 Du Preez en Andere vs NG Gemeente De Deur, uitspraak: Regter Schabert

Kleynhans, EPJ, 1985, Gereformeerde Kerkreg deel 3, NGKB

Kleynhans, EPJ, 1973, Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika: 1795-1962, DTh proefskrif, US

NG Kerk, Die Kerkorde, 1962; 2013

Vorster, JD, 1960, NGTT, deel ¼ p12-18

Strauss, PJ, 2010, Kerk en Orde vandag, Sun Press